Rio Tinto

Januarie 2012
www.riotinto.com

Standaard vir sake-integriteit (teenkorrupsie)

Belangrike dinge wat jy moet weet

Sake wat almal raak

- Rio Tinto verbied enige vorm van omkopery en korrupsie.
- Geskenke, vermaak, reise en daggeldvergoeding mag nie as ’n beloning of aansporing vir voorkeurbehandeling gegee of ontvang word nie.
- Rio Tinto neem nie deel aan partypolitiek nie. Hy doen nie betalings aan politieke partye of individuele politici nie.
- Rio Tinto gee nie bydraes vir liefdadigheid of borgskappe wat gesien kan word as omkopery of betalings om ’n onbehoorlike sakevoordeel te verkry nie.
- Elkeen by Rio Tinto het ’n verantwoordelikheid om oortredings van hierdie Standaard aan te meld.[1]

Verdere sake vir Groepsakebestuur

- Rio Tinto sal alle verdagte oortredings ondersoek.
- Rio Tinto se boeke en rekords moet akkuraat wees.
- Werknemers in posisies met hoë potensiële blootstelling moet opleiding ondergaan om die risiko’s van nie-nakoming van hierdie Standaard te verminder.
- Rio Tinto wil hê dat alle ondernemings waarin hy ’n belang het, teenkorrupsiestandaarde soortgelyk aan dié in hierdie Standaard sal aanvaar en toepas.

[1] Onderhewig aan plaaslike wette

Inhoudsopgawe

Belangrike dinge wat jy moet weet 1

Inleiding 3

Groepintegriteit en nakomingverbintenis 5

Algemene definisies 6

Deel A – Sake wat vir almal geld 9
1.0 Omkopery, korrupsie en afpersing 9
2.0 Vergoeding vir geskenke, vermaak, reise en daggeld 10
3.0 Politieke betrokkenheid 23
4.0 Liefdadigheidsbydraes en borgskappe 24
5.0 Aanmelding van omkopery, korrupsie en oortredings 27

Deel B – Verdere sake vir Groepsakebestuur 28
6.0 Rapportering aan senior vlakke en ondersoeke 28
7.0 Boeke, rekords en interne kontrolemaatreëls 29
8.0 Opleiding vir nakomingsrisikovermindering 30
9.0 Sakevennootondernemings 32

Inleiding

Wat is hierdie Standaard?	Hierdie Standaard bevat verpligte vereistes wat Groepondernemings in hulle Groepsakenakomingsprogram moet insluit.
Vir wie geld die Standaard?	Alle Groepondernemings, werknemers en kernkontrakteurs (wat konsultante en ander diensverskaffers kan insluit) in die Rio Tinto Groep moet dit nakom. Versuim om dit na te kom kan lei tot dissiplinêre optrede, insluitend diensbeëindiging. Siviele en kriminele boetes kan ook opgelê word.
Wat sal gebeur as ek dit nakom, maar ons verloor besigheid?	Rio Tinto steun sy werknemers en kernkontrakteurs wat hierdie Standaard nakom ten volle. Geen werknemer of kernkontrakteur sal gepenaliseer word wanneer hy/sy weier om in stryd met hierdie Standaard op te tree en die maatskappy as gevolg daarvan omset verloor nie. Indien hierdie Standaard van plaaslike wetgewing verskil, sal Rio Tinto die strengste een nakom.
Wanneer tree hierdie Standaard in werking?	Hierdie Standaard tree op 1 Januarie 2012 in werking, tensy die wêreldwye hoof van Nakoming ander inligting deurgee.
Aan wie behoort hierdie Standaard?	Rio Tinto Nakoming.
Wie is verantwoordelik vir hierdie Standaard?	Elke Groepbestuurslid moet hierdie Standaard in sy/haar Groeponderneming implementeer en afdwing.
Waar kan ek meer inligting kry?	Die *Teenkorrupsie-nutsstel* bevat sjablone en riglyne om Groepondernemings by te staan. Die nutsstel kan op die *Prospect*-portaal (Nakomingsgemeenskap) gevind word. Indien u onseker is of enige gedrag aan hierdie Standaard voldoen en of dit volgens toepaslike wetgewing is, praat met u lynbestuurder en/of tree met Rio Tinto Nakoming in verbinding. Kontakte word op die *Prospect*-portaal (Nakomingsgemeenskap) gelys. Indien u enige terugvoering oor hierdie Standaard of stawende dokumente het, stuur asseblief 'n e-pos na compliance6@riotinto.com
Definisies	Gedefinieerde terme wat slegs in een afdeling gebruik word, verskyn aan die begin van daardie afdeling. Terme wat in meer as een afdeling gebruik word, verskyn in die definisie-afdeling.

Groepintegriteit en nakomingverbintenis

Rio Tinto se verbintenis tot integriteit en nakoming word in *Hoe ons werk* uiteengesit –

"Elkeen van ons het 'n verantwoordelikheid om met integriteit te werk wanneer ons namens Rio Tinto optree ... In elke land waar ons werk, word daar van alle Rio Tinto-personeel verwag om die wet, *Hoe ons werk* en Rio Tinto-beleidstukke en -standaarde na te kom. Onkunde oor die wet is nie 'n aanvaarbare rede vir nakomingsversuim nie, dus moet ons vertroud wees met die relevante wette wat verband hou met ons werk."

Hierdie verbintenis vloei voort uit ons kernwaardes. Dit stel ons in staat om 'n voorkeurwerkgewer en -medemens te wees. Dit help ons om die wet na te kom en is uiters belangrik vir die langtermynsukses van ons besigheid.

Om hierdie verbintenis te steun en om 'n blywende, deursigtige kultuur van integriteit en nakoming te skep, het ons 'n Groepwye Integriteit- en Nakomingsprogram geïmplementeer. Hierdie *Standaard vir sake-integriteit (teenkorrupsie)* is 'n sleuteldeel van daardie program.

Algemene definisies

Genoot is –

- 'n persoon met wie persoonlik sake gedoen word
- 'n goeie vriend
- 'n persoon wat 'n trustee is van 'n trust waaruit die werknemer of kernkontrakteur dalk voordeel kan trek, of
- 'n direkteur of beampte van 'n maatskappy of ander entiteit waaroor die werknemer of kernkontrakteur wesenlike beheer het.

Kernkontrakteurs is kontrakteurs, konsultante en ander diensverskaffers wat "Kategorie 1-kontrakteurs" is, en enige ander persone wat volgens 'n Groeponderneming nakomingsopleiding moet ondergaan.

NOTA
Die *Teenkorrupsie-riglyne* verskaf leiding oor hierdie term.

Kontrakteurs is individue wat deur 'n agentskap of firma as tydelike werknemers aangestel word.

Werknemers is direkteure, amptenare, personeellede (hetsy permanente of stukwerkers, voltyds of deeltyds) en deeltyds gehuurde werkers wat direk deur die Rio Tinto Groep aangestel is, maar nie kontrakteurs is nie.

GSNP is 'n Groepsakenakomingsprogram wat aan die vereistes voldoen wat in die *Nakomingstandaard* uiteengesit word.

Algemene definisies (vervolg)

'n **Regeringsamptenaar** is –

- 'n amptenaar of werknemer van 'n regering of 'n onderneming in staatsbesit
- 'n amptenaar of werknemer van 'n regeringsagentskap of regulerende owerheid
- 'n amptenaar of werknemer van 'n politieke party of 'n politieke kandidaat
- enige amptenaar of werknemer van 'n internasionale openbare organisasie soos die Verenigde Nasies, die Wêreldbank of die Internasionale Monetêre Fonds
- 'n lid van die regbank of 'n magistraat
- 'n individu wat die pligte het of uitvoer van 'n aanstelling, amp of pos wat deur tradisie of gebruik geskep is, insluitend sommige lede van koningsgesinne en sommige stamhoofde
- iemand wat 'n gemagtigde tussenganger van 'n regeringsamptenaar is, of wat hom-/haarself as sodanig voordoen, of
- 'n familielid of genoot van sodanige regeringsamptenaar.

NOTAS

a) "Regeringsamptenare" is polisiebeamptes, doeane- en aksynsbeamptes, werknemers van ondernemings in staatsbesit, amptenare van politieke partye, asook kinders of ander familielede van 'n regeringsamptenaar of 'n amptenaar van 'n politieke party.

b) Indien u onseker is of 'n persoon 'n regeringsamptenaar is, en of die entiteit 'n onderneming in staatsbesit is, moet u Rio Tinto Nakoming raadpleeg.

Groepsake beteken –

- 'n Rio Tinto-produkgroep, of
- die versameling van wêreldwye funksies onder die bestuur van 'n Groep-bestuurslid.

Groepbestuurslid is 'n hoofbestuurslid van die produkgroep of, in die geval van wêreldwye funksies, hulle bestuurslid wat in die Rio Tinto Uitvoerende Komitee dien.

Interne kontroles sluit die volgende in – *Hoe ons werk*, beleidstukke, standaarde en ander interne kontroles wat ontwerp is om te verseker dat nakomingsverpligtinge uitgevoer word en dat nakomingsrisiko's bestuur word.

Genomineerde land is een met 'n telling van minder as 6,5 op die jongste korrupsiepersepsies-indeks van Transparency International (TI).

Familielid is 'n naby familielid en sluit 'n gade, lewensmaat, ouer, kind, broer of suster in – hetsy deur verwantskap, huwelik of aanneming (insluitend skoonfamilie) – asook enigiemand wat in 'n persoon se huis woon (buiten 'n huurder of huisbediende).

Rio Tinto, Rio Tinto Groep of **Groep** is Rio Tinto plc, Rio Tinto Beperk en enige onderneming wat direk of indirek, in die geheel of deur meerderheidsaandeel, deur Rio Tinto plc of Rio Tinto Beperk besit of bestuur word.

NOTA
Hierdie definisie sluit nie entiteite soos Queensland Alumina Beperk, waar nóg Rio Tinto plc nóg Rio Tinto Beperk meerderheidsaandeelhouers is, in nie. Indien jy onseker is of 'n entiteit deel van die Rio Tinto Groep is, tree asseblief met die Rio Tinto Regsafdeling in verbinding vir inligting.

Rio Tinto-personeel is Rio Tinto se werknemers en kernkontrakteurs.

Deel A – Sake wat vir almal geld

1.0 Omkopery, korrupsie en afpersing

Rio Tinto verbied enige vorm van omkopery en korrupsie.

Vir die doeleindes van hierdie afdeling geld die volgende definisie –

Fasiliteringsbetalings is nie-amptelike betalings (waarby 'n klein bedrag gewoonlik betrokke is) aan 'n regeringsamptenaar (dikwels op 'n lae vlak) om 'n roetine-aksie of -diens waarop 'n individu of 'n maatskappy geregtig is, te verkry. Dit word verbied.

Omkopery word verbied. Rio Tinto-personeel mag nie omkopery of korrupsie pleeg, 'n aandeel daarin hê of daarby betrokke wees nie.

Jy mag nie, direk of indirek, enige omkoopgeld of ander onbehoorlike voordeel aanbied, beloof, gee, eis of aanvaar ten einde besigheid te verkry, te behou, te rig of enige ander onbehoorlike voordeel in die doen van sake te verkry nie. Dit geld ongeag of jy met regerings- of met privaat persone of ondernemings te doen het.

Fasiliteringsbetalings word verbied
Rio Tinto-personeellede mag nie aanbied om fasiliteringsbetalings, hetsy direk of indirek, aan regeringsamptenare te maak nie.

'n Betaling mag nie aan 'n regeringsamptenaar gemaak word behalwe soos uiteengesit in hierdie Standaard nie. Rio Tinto-personeellede mag nie betalings maak aan 'n regeringsamptenaar nie, behalwe soos uiteengesit in hierdie Standaard.

NOTA
Die *Teenkorrupsie-riglyne* verskaf leiding oor wettige betalings aan regerings.

Betalings om u veiligheid te beskerm is toelaatbaar. Indien 'n Rio Tinto-personeellid met afpersing gedreig word wat met uitdruklike of geïmpliseerde dreigemente vir persoonlike veiligheid gepaardgaan, mag hulle betalings maak wat andersins verbode sou wees. In sodanige omstandighede moet die Groeponderneming verseker dat sulke betalings –

- akkuraat in Rio Tinto se rekeningkundige rekords aangeteken word as afpersingsbetalings wat gemaak is om persoonlike veiligheid te beskerm, en
- so gou as wat binne redelike perke moontlik is, aan die betrokke Groepbestuurslid, die wêreldwye hoof van Nakoming en die hoof van Wêreldwye Sekuriteit gerapporteer word.

2.0 Vergoeding vir geskenke, vermaak, reis en daggeld

Geskenke, vermaak, reise en dagvergoeding mag nie as 'n beloning of aansporing vir voorkeurbehandeling gegee of ontvang word nie.

Vir die doeleindes van hierdie afdeling geld die volgende definisies –

Voordeel beteken geskenke, vermaak en reis.

NOTA
Hierdie term sluit nie vergoeding vir daggeld in nie.

Landperk beteken die perk wat vir 'n land gestel is soos dit verskyn op die *Prospect*-portaal (Nakomingsgemeenskap) teenkorrupsieblad.

Onthaal/vermaak sluit billike (nie-uitspattige) etes uit wat verbind kan word met die bevordering, demonstrasie of bespreking van Rio Tinto se sake.

Uitgawebestuurstelsel is die stelsel(s) wat deur 'n Groepondernemingen gebruik word om uitgawe-eise deur werknemers te verwerk.

Geskenke is enigiets van waarde wat gegee of ontvang word waarvoor die ontvanger nie die billike markwaarde betaal nie.

Daggeld-vergoeding is 'n betaling (gewoonlik op 'n daaglikse basis bereken) wat 'n eerlike skatting is van die redelike koste van reis, etes, verblyf en ander redelike koste wat 'n derde party sal aangaan om 'n Rio Tinto-sakebyeenkoms of -geleentheid by te woon.

2.0 Vergoeding vir geskenke, onthaal, reis en daggelde (vervolg)

Opsommingstabel vir voordele

Waarde (wanneer aan alle ander vereistes voldoen is)	Aanteken?	Voorafgoedkeuring benodig?
nominale waarde**	Nee	Nee
< Landperk	Ja	Nee
> Landperk	Ja	Ja; jou bestuurder
> 2 x Landperk	Ja	Ja, Band C of hoër

**In die algemeen, minder as 25% van landperk. Raadpleeg paragraaf 2.5 hieronder.

NOTA
Daar sal vir elke land 'n perk wees ten opsigte van regeringsamptenare en 'n ander perk ten opsigte van ander derde partye. Verwys na paragraaf 2.7.

2.1 Geskenke, vermaak of reisvoordele kan omkopery wees

Geskenke, vermaak, reise en dagvergoeding mag nie verskaf of ontvang word, direk of indirek, met die doel om besigheid op 'n onbehoorlike manier te verkry, te behou, te rig of enige ander onbehoorlike voordeel in die doen van sake te verkry nie.

Enige voordeel moet deur plaaslike wetgewing en deur derde partye se beleidstukke toegelaat word.
Rio Tinto-personeellede mag nie enige voordeel wat deur plaaslike wetgewing en deur openbare beleidstukke van die derde party se werkgewer verbied word, aan derde partye beloof, aanbied of gee nie. Net so mag hulle nie enige voordeel wat deur plaaslike wetgewing en deur openbare beleidstukke van die derde party se werkgewer verbied word, aanvaar of ontvang nie.

Moet nooit kontant gee nie. Jy mag nooit geld of kontantbewyse (soos geskenkkaarte, sertifikate of koepons) as geskenke of in die plek van vermaak of reise gee nie.

NOTA
In 'n baie beperkte aantal situasies is dit gebruiklik om kontantbetalings te maak (bv. begrafnisse in Japan). Hierdie opsie kan vooraf goedgekeur word deur 'n lynbestuurder wat in Band C (besturende direkteur/president) of hoër is.

2.0 Vergoeding vir geskenke, vermaak, reise en daggeld (vervolg)

Alle voordele wat u vir derde partye beloof, aanbied of gee, of van hulle ontvang, moet –

- in Rio Tinto se naam gegee of ontvang word, en nie in die persoonlike naam van die werknemer of kernkontrakteur nie
- ten opsigte van tipe en waarde volgens die gebruik van die betrokke land, en op 'n gepaste tydstip of seisoen en/of in gepaste omstandighede gegee of ontvang word
- openlik gegee of ontvang word, en
- nie gegee word aan, of ontvang word van, 'n persoon wat meer as drie keer binne 'n 12 maande tydperk voordele gegee of ontvang het nie.

NOTA
Waar 'n derde party voordele aan 'n groep werknemers of kernkontrakteurs bied, kan die mees senior persoon wat teenwoordig is, die nodige goedkeuring ingevolge hierdie Standaard namens die hele groep vra.

Vermaak van derde partye. Alle vorms van vermaak wat jy vir derde partye beloof, aanbied of verskaf, moet –

- die Rio Tinto-gasheer teenwoordig hê, m.a.w. die Groepsake-werknemer of kernkontrakteur wat die vermaak aanbied
- die uitvoering of afhandeling van 'n kontrak behels, of in die normale gang van die bevordering, demonstrasie of verduideliking van Rio Tinto se sake val, en
- vir –
  - regeringsamptenare, en
  - ander derde partye, waar die vorm van die vermaak luuks is (soos 'n uitnodiging na 'n sport- of kulturele geleentheid met duur of gesogte kaartjies, bv. 'n tennistoernooi of Wêreldbeker-eindstryd of premiéres van konserte of verhoogproduksies),

  voorafgegaan word deur –
  a) 'n skriftelike uitnodiging, met die nodige reëlings, van Rio Tinto aan die werkgewer van die ontvanger aan wie die vermaaklikheid gebied word, en
  b) skriftelike aanvaarding deur daardie werkgewer.

Reise vir derde partye. Alle reise (insluitend verblyf en ander verwante uitgawes) wat u vir derde partye beloof, aanbied of verskaf, moet –

- die uitvoering of afhandeling van 'n kontrak behels, of in die normale gang van die bevordering, demonstrasie of verduideliking van Rio Tinto se sake val
- aan gepaste individue verskaf word
- vir –
  – regeringsamptenare, en
  – ander derde partye, waar die reis tussen state of internasionaal is,

  voorafgegaan word deur –
  a) 'n skriftelike uitnodiging, met die nodige reëlings, van Rio Tinto aan die werkgewer van die ontvanger vir wie die reis gebied word, en
  b) skriftelike aanvaarding van daardie werkgewer
- mag nie op 'n hoër vlak wees as wat vir gelyke Rio Tinto-werknemers toegelaat word nie
- mag nie reis (of verblyf) vir 'n familielid, genoot of ander gas van die ontvanger insluit nie, en
- mag nie betaalde of terugbetaalbare oornagverblyf insluit nie.

NOTA
Indien 'n besluit binne die volgende 12 maande ten opsigte van 'n regeringsamptenaar of sy werkgewer hangende is, mag u nie 'n voordeel aan daardie amptenaar bied sonder 'n bestuurder (Band C of hoër) se vooraf goedkeuring, soos uiteengesit in paragraaf 2.2, nie.

2.0 Vergoeding vir geskenke, vermaak, reise en daggeld (vervolg)

2.2 Wanneer word goedkeuring vir voordele benodig?

Vloeidiagram-opsomming vir goedkeuring van voordele

Die vloeidiagram hierbo sit die goedkeurings wat in paragraaf 2.2 vir voordele benodig word, uiteen.

Geen goedkeuring – Indien **al** die reëls in paragraaf 2.1 nagekom is **EN** die voordeel se waarde gelyk is aan of minder is as die landperk, hoef jy nie vooraf goedkeuring van 'n bestuurder te kry nie, **ingevolge hierdie Standaard.**

NOTA
Selfs al vereis hierdie Standaard nie vooraf goedkeuring nie, kan die Groeponderneming moontlik vereistes hê waaraan jy moet voldoen.

Bestuurder se vooraf goedkeuring – Indien **al** die reëls in paragraaf 2.1 nagekom is **EN** die voordeel se waarde meer is as die landperk, maar minder as dubbel die landperk, moet die Rio Tinto-personeellede wat die voordeel gee of ontvang hulle bestuurder se vooraf goedkeuring kry.

Band C (besturende direkteur/president) se vooraf goedkeuring – Indien **al** die reëls in paragraaf 2.1 **nie** nagekom is nie **OF** indien die voordeel se waarde dubbel die landperk of meer is, moet die Rio Tinto-personeellede wat die voordeel gee of ontvang, hulle lynbestuurder, wat Band C (besturende direkteur/president) of hoër moet wees, se vooraf goedkeuring kry.

NOTAS

a) **Skriftelike vooraf goedkeuring** (wat e-pos kan insluit) moet verkry word **vóór** 'n voordeel beloof, aangebied of gegee word. Waar moontlik, moet dit verkry word voordat 'n voordeel deur Rio Tinto-personeellede aanvaar word – indien dit nie moontlik is nie, dan so gou as moontlik.

b) **Niemand is gemagtig om enige voordeel wat omkopery is of kan wees goed te keur nie – verwys na die eerste sin van paragraaf 2.1.**

2.0 Vergoeding vir geskenke, vermaak, reise en daggeld (vervolg)

2.3 Daggeldvergoeding **aan** derde partye

NOTAS

a) Betaling van daggeldvergoeding is uitsonderlik. Rio Tinto **ontmoedig** sodanige betalings. Dit is egter in beperkte gevalle aanvaarbaar om sodanige betalings te maak.

b) Alle daggeldvergoeding moet apart aangeteken word. Dit kan nie slegs deur die uitgawebestuurstelsel hanteer word nie.

Die betaling van daggeldvergoeding aan derde partye –

- **mag nie** gedoen word om 'n derde party te beïnvloed om besigheid op 'n onbehoorlike manier te verkry of te behou, of vir gunste of voordele nie
- moet deur plaaslike wetgewing en die openbare beleidstukke van die derde party se werkgewer toegelaat word
- moet ten opsigte van tipe en waarde volgens die gebruike van die betrokke land wees
- moet openlik gedoen word
- moet skriftelik ooreengekom word met die werkgewer van die persoon wat die daggeldvergoeding ontvang
- **mag nie** enige vergoeding vir 'n familielid, genoot of ander gas van die ontvanger insluit nie
- **mag nie** andersins deur Rio Tinto betaal wees nie
- moet verband hou met die uitvoering of afhandeling van 'n kontrak, of in die normale gang van die bevordering, demonstrasie of verduideliking van Rio Tinto se sake val, en
- moet waarde hê wat gelyk is aan of minder is as die landperk.

Goedkeuring vir betaling van daggeld aan derde partye word altyd benodig. Indien die daggeldvergoeding vir 'n nie-regeringsamptenaar bedoel is en aan al die bogenoemde vereistes voldoen, moet u vooraf skriftelike goedkeuring by u bestuurder kry. Vir regeringsamptenare moet u vooraf goedkeuring kry van 'n lynbestuurder wat in Band C (besturende direkteur/president) of hoër is.

NOTAS

c) **Skriftelike vooraf goedkeuring** (wat e-pos kan insluit) moet verkry word **vóór** die daggeldvergoeding beloof, aangebied of gegee word.

d) Onthou dat "regeringsamptenare" werknemers van ondernemings in staatsbesit insluit.

e) **Niemand is gemagtig om enige daggeldvergoeding wat omkopery is of kan wees goed te keur nie – verwys na die eerste sin van paragraaf 2.1.**

2.0 Vergoeding vir geskenke, vermaak, reise en daggeld (vervolg)

2.4 Rio Tinto-personeellede wat daggeldvergoeding aangebied word, het goedkeuring nodig

Nie jy of jou familielid of genoot kan enige daggeldvergoeding van derde partye uit hoofde van jou posisie by Rio Tinto aanvaar nie sonder skriftelike vooraf goedkeuring van –

- jou bestuurder, waar die daggeld minder as die landperk is, of
- 'n lynbestuurder in Band C (besturende direkteur/president) of hoër in enige ander geval.

Enige sodanige daggeldvergoeding moet behoorlik en deursigtig aangeteken en geboekstaaf word. Alle betalings moet aan die Groeponderneming gemaak word.

2.5 Maak seker dat jy voordele en daggeldvergoeding aanteken

Jy moet alle voordele wat aan derde partye verskaf word of wat van hulle ontvang word, akkuraat in die Groeponderneming se boeke aanteken, **tensy** dit bloot **nominale** waarde het. Alle daggeldvergoeding moet akkuraat in die Groeponderneming se boeke aangeteken word.

NOTA
Voorbeelde van voordele wat bloot nominale waarde het, word in die *Teenkorrupsie-riglyne* ingesluit. In die algemeen sal waardes van minder as 25% van die landperk as nominaal beskou word.

Die rekords moet die volgende besonderhede **insluit –**

- Of dit vergoeding is vir 'n geskenk/vermaak/reis/daggeld
- Die aard en doel daarvan
- Die datum waarop dit gegee of ontvang is
- Die bedrag en/of waarde van die voordeel/voordele (per ontvanger) en vir daggeldvergoeding, die basis waarop dit bereken is
- Status van die ontvanger/skenker wat nie aan Rio Tinto verbonde is nie – 'n kommersiële entiteit of individu of 'n regering/regeringsentiteit/amptenaar, en
- Besonderhede van die ontvanger/skenker wat nie aan Rio Tinto verbonde is nie – volle naam, titel, departement en kommersiële entiteit/regeringsowerheid.

Waar die voordeel vooraf goedkeuring deur 'n bestuurder vereis, of waar die betaling daggeldvergoeding is, moet die rekords ook die volgende insluit –

- Besonderhede van enige ander voordeel wat in die vorige 12 maande aan/van die ontvanger/skenker wat nie aan Rio Tinto verbonde is nie, verskaf/ontvang is
- Afskrifte van goedkeurings wat ingevolge hierdie Standaard vereis word, en
- Besonderhede van enige handeling of oorsigrol wat die persoon in die afgelope 12 maande ten opsigte van Rio Tinto gehad het, of waarskynlik in die volgende 12 maande sal hê.

2.0 Vergoeding vir geskenke, vermaak, reise en daggeld (vervolg)

'n Groeponderneming kan moontlik besluit om voordele wat gegee of ontvang word in sy uitgawebestuurstelsel of in 'n register(s) wat vir daardie doel gehou word, aan te teken. Daggeldvergoeding moet in 'n register(s) aangeteken word wat vir daardie doel bygehou word. Die register(s) word deel van die boeke en rekords van die Groeponderneming.

NOTAS

a) 'n Sjabloonregister word in die *Teenkorrupsie-nutsstel* verskaf.

b) Alle inskrywings in die uitgawebestuurstelsel vir voordele wat deur of aan werknemers en kernkontrakteurs verskaf is, moet ten volle gedokumenteer word, insluitend enige skriftelike goedkeuring en verwante stawende dokumentasie (insluitend alle kwitansies, fakture en rekeninge, ens.).

2.6 Bepaling van die waarde van geskenke en vermaak

Die waarde van 'n geskenk moet bereken word as die grootste van –

- die werklike koste (bv. wat dit kos om die geskenk te koop), en
- die billike markwaarde van die geskenk (bv. wat 'n redelike persoon vir die geskenk sal betaal).

Die waarde van vermaak is die werklike totale koste, gedeel deur die aantal deelnemers.

NOTA

Indien die geskenk of vermaak deur 'n derde party verskaf word en die koste onbekend is, moet billike skattings gemaak word ten opsigte van die waarde.

2.7 Landperke

Die Groepbestuurslid wat verantwoordelik is vir 'n spesifieke land en die wêreldwye hoof van Nakoming sal vlakke vir die land bepaal.

- Die Groepbestuurslid moet hierdie perke aan al die betrokke werknemers en kernkontrakteurs in daardie land deurgee.
- Die wêreldwye hoof van Nakoming moet sodanige perke op die teenkorrupsieblad van Nakoming se *Prospect*-portaal (Nakomingsgemeenskap) aanteken.

NOTAS

a) Daar sal vir elke land een perk ten opsigte van regeringsamptenare en 'n ander perk ten opsigte van ander derde partye wees.

b) Waar geen landperke bestaan nie, geld die verstekperk wat op die *Prospect*-portaal (Nakomingsgemeenskap) uiteengesit word.

c) Die landperke geld vir besoekende Rio Tinto-personeellede.

d) Niks in hierdie Standaard verhoed enige Groeponderneming om laer perke vir sy werknemers en kernkontrakteurs in 'n land in te stel nie. In daardie geval, moet die laer perke duidelik en gereeld aan die betrokke werknemers en kernkontrakteurs deurgegee word, en moet die wêreldwye hoof van Nakoming in kennis gestel word.

3.0 Politieke betrokkenheid

Rio Tinto neem nie deel aan partypolitiek nie. Hy doen nie betalings aan politieke partye of individuele politici nie.

Ons raak nie betrokke by politiek nie. Groepondernemings mag nie, direk of indirek, deelneem aan partypolitiek of betalings aan politieke partye, individuele politici of politieke kandidate maak nie.

Personeel mag betrokke raak by politiek, maar slegs in hulle persoonlike hoedanigheid. Groepondernemings mag nie werknemers of kernkontrakteurs verhoed om deel te neem aan die politieke proses in soverre hulle bloot as individuele burgers optree nie, en waar die deelname nie Rio Tinto se fondse, bates, hulpbronne, tyd of personeel raak nie.

Rio Tinto-personeel mag nie –

- fondse, bates, hulpbronne, tyd of personeel van Rio Tinto gebruik om enige politieke bydrae te maak – insluitend nie-geldelike bydraes soos voorrade, toerusting of dienste – of om enige politieke party, individuele politikus of politieke kandidaat by te staan nie
- Rio Tinto-fondse gebruik om betalings of skenkings aan politieke partye, individuele politici of politieke kandidate te maak, of om lenings aan hulle toe te staan of vir hulle geskenke te gee nie
- Rio Tinto-fondse gebruik om toegangsgeld vir konferensies, etes of soortgelyke geleenthede wat deur politieke partye, individuele politici, politieke kandidate of hulle ondersteuners georganiseer word, te betaal, of om hulle publikasies te koop wanneer 'n fondsinsamelingsgeleentheid aangebied word nie
- politici of politieke kandidate of hulle personeel van reis en verblyf voorsien buiten dit wat deur hierdie Standaard toegelaat word nie
- Rio Tinto-fondse gebruik om bydraes aan politieke partye, individuele politici of politieke kandidate te ewenaar nie
- in Rio Tinto se tyd of met behulp van Rio Tinto se fondse, bates, hulpbronne of personeel aan ander werknemers of kernkontrakteurs voorstel – direk of indirek – dat hulle politieke partye, individuele politici of politieke kandidate steun of vir hulle bydraes maak nie, of
- Rio Tinto-fondse gebruik om betalings te maak aan organisasies wat fronte vir politieke partye, individuele politici of politieke kandidate is, of wat dien om fondse na hulle toe te kanaliseer nie.

Wees versigtig wanneer regeringsamptenare aangestel word. Groepondernemings mag nie sonder die goedkeuring van die Groepbestuurslid –

- 'n politikus of regeringsamptenaar as 'n konsultant betrek nie, of
- 'n politikus of regeringsamptenaar (of 'n politikus of regeringsamptenaar wat in die vorige 12 maande afgetree of uit sy amp bedank het) in 'n maatskappypos aanstel nie.

NOTA
Politieke aksiekomitees in die Verenigde State word in die *Teenkorrupsie-riglyne* bespreek.

4.0 Liefdadigheidsbydraes en borgskappe

Rio Tinto gee nie bydraes vir liefdadigheid of borgskappe wat gesien kan word as omkopery of betalings om 'n onbehoorlike sakevoordeel te verkry nie.

NOTA
Niks in hierdie afdeling doen afbreuk aan ons doel om blywende verhoudings met ons medemense te kweek wat spreek van wedersydse respek, aktiewe vennootskappe en langtermyn verbintenisse nie.

Vir die doeleindes van hierdie afdeling geld die volgende definisies –

Liefdadigheidsbydraes is bydraes aan liefdadigheidsorganisasies (insluitend akademiese instellings soos universiteite), liefdadigheidsbydraes, liefdadigheidskenkings en filantropiese aktiwiteite.

Skenkings is klein of groot hoeveelhede hulpbronne (tyd, finansieel, eiendom of menslik) wat vrywilliglik aan 'n organisasie (liefdadigheids- of andersins) of aan 'n individuele persoon verskaf word om 'n saak te ondersteun, met geen verwagting van kommersiële gewin in ruil daarvoor nie. Skenkings verskil van borgskappe wat kommersiële voordele meebring.

Borgskappe verwys na steun vir 'n geleentheid, inisiatief of organisasie (insluitend akademiese instellings soos universiteite) deur die verskaffing van finansiële hulpbronne, eiendom en/of ander hulpbronne, in ruil vir sekere regte, voordele of assosiasies wat benut kan word. Borgskappe is bedoel om wedersyds voordelig te wees. Hulle kan op klein skaal of groot skaal funksioneer. Borgskappe kan 'n eenmalige belegging wees of deel van 'n verbintenis oor 'n langer termyn. Dit kan 'n plaaslike borgskap wees wat gebruik word om 'n verbintenis teenoor 'n plaaslike gemeenskap te bevorder, of om Groepwaardes te versterk.

Liefdadigheidsbydraes en borgskappe mag nie gebruik word om 'n onregverdige voorsprong te bekom nie. Liefdadigheidsbydraes en borgskappe moet vir wettige redes gemaak word; dit mag nie verskuilde omkopery wees nie.

Liefdadigheidsbydraes mag nie aan individue gemaak word nie. Groepondernemings mag slegs liefdadigheidsbydraes of borgskappe (en die verwante betalings) aan ingelyfde gemeenskapsgroepe, klubs, verenigings, organisasies sonder winsbejag, nie-regeringsorganisasies, ander gemeenskapsverwante kommersiële organisasies en/of akademiese liggame soos universiteite beskikbaar stel.

Liefdadigheidsbydraes en borgskappe mag nie politieke verbintenisse hê nie. Groepondernemings mag nie liefdadigheidsbydraes maak aan organisasies wat aan politieke partye of politici gekoppel is, of sulke organisasies borg nie.

Liefdadigheidsbydraes en borgskappe moet –

- deur plaaslike wette toegelaat word
- akkuraat in die Groeponderneming se rekeningkundige rekords aangeteken word
- vir liefdadigheid of vir gemeenskapsdoeleindes wees, en
- vooraf goedgekeur wees deur 'n Band C (besturende direkteur/president) of hoër.

Borgskappe moet op 'n deursigtige manier in 'n ooreenkoms met die organisasie gedokumenteer word.

5.0 Aanmelding van omkopery, korrupsie en oortredings

Elkeen by Rio Tinto het 'n verantwoordelikheid om oortredings van hierdie Standaard aan te meld.[2]

Vir die doeleindes van hierdie afdeling geld die volgende definisie –

Waarskuwingstekens is enige bewyse wat dui op nie-nakoming van hierdie Standaard, *Hoe ons werk* of die sake-integriteit-aspekte van 'n agent, konsultant, kontrakteur, adviseur of sakevennoot se ooreenkoms met Rio Tinto.

Wees wakker en laat hoor jou stem. Rio Tinto-personeellede moet bedag wees op waarskuwingstekens wat verband hou met omkopery en korrupsie, en moet sodanige waarskuwingstekens onder hulle lynbestuurder of 'n meer senior bestuurslid se aandag bring.

Rapportering is die sleutel tot nakoming. Enige Rio Tinto-personeellid wat bewus is van, of bekommerd is oor, optrede of verdagte aktiwiteite wat moontlik 'n oortreding van hierdie Standaard kan wees, moet die saak by hulle lynbestuurder rapporteer. Indien jy voel dat dit onvanpas sal wees om die saak aan jou lynbestuurder te rapporteer, moet jy dit aan 'n ander bestuurslid rapporteer wat in 'n meer senior posisie as jy is. Die persoon aan wie dit gerapporteer word, moet die saak by die eenheid se mees senior bestuurslid rapporteer.

Rapporteer altyd indien jy gevra word om aan onwettige aktiwiteite deel te neem. Enige Rio Tinto-personeellid wat –

- direk of indirek genader word om betrokke te raak by 'n aktiwiteit wat verband hou met omkopery of korrupsie, of
- vermoed dat daar aktiwiteite is wat met omkopery of korrupsie verband hou,

moet die saak onmiddellik by sy/haar lynbestuurder aanmeld.

ONTHOU
Jy kan –

- met jou bestuurder of toesighouer gesels – dit is gewoonlik die beste persoon om eerste te kontak, of
- met Rio Tinto Nakoming in verbinding tree, of
- *Speak-OUT* (ons alarmmaakprogram) gebruik.

Vir verdere inligting, verwys asseblief na die leiding wat in die *Teenkorrupsie-nutsstel* verskaf word.

[2] Onderhewig aan plaaslike wette

Deel B – Verdere sake vir Groepsakebestuur

6.0 Rapportering aan senior vlakke en ondersoeke

Verdagte oortredings moet ondersoek word.

Stel die regte mense in kennis wanneer probleme ontstaan. Groepondernemings moet verseker dat bestuurders sake opneem wat deur Rio Tinto-personeellede gerapporteer word. Bestuurders moet enige vermoede, aantyging, verslag of voorkoms van 'n oortreding van hierdie Standaard rapporteer asof dit bedrog is – sien afdeling 3.3.1 van die *Bedrogstandaarde*. Daarby moet 'n Groeponderneming onmiddellik aan die wêreldwye hoof van Nakoming en die hoof van Korporatiewe Versekering rapporteer indien die saak volgens hulle 'n ernstige ineenstorting van interne kontroles verteenwoordig – sien afdeling 3.4.1 van die *Bedrogstandaarde*.

Ondersoeke deur Groepondernemings. 'n Groeponderneming moet 'n ondersoek na al hierdie sake instel – sien paragrawe 4.1.4 tot 4.1.13 van die Rio Tinto *Nakomingstandaard en die Standaarde vir ondersoeke na aantygings van ernstige misdrywe.*

7.0 Boeke, rekords en interne kontrolemaatreëls

Rio Tinto se boeke en rekords moet akkuraat wees.

Teken altyd betalings korrek en deursigtig aan. Groepondernemings moet 'n doeltreffende stelsel van interne kontroles – insluitend finansiële, rekeningkundige en belastingrekeningkundige stelsels – hê om akkurate boeke en rekords, en 'n getroue en regverdige oorsig van hulle sake te verseker, en om die volgende te voorkom –

- Omkopery en korrupte praktyke
- Onaangetekende, verkeerd geïdentifiseerde of geheime rekenings, of
- Die skepping van rekords wat nie die transaksies waarmee hulle verband hou behoorlik en regverdig aanteken nie, of wat transaksies uitlaat wat wel aangeteken moet word.

Bestuur is verantwoordelik vir nakoming. Dit is lynbestuur se verantwoordelikheid om te verseker dat voldoende interne kontroles bestaan om oortreding van hierdie Standaard te voorkom en op te spoor. Afdeling 3.4.1 van die *Bedrogstandaarde* geld vir hierdie standaard.

Oorweeg altyd korrupsierisiko's in nuwe projekte en nuwe lande. Elke Groeponderneming moet, voordat hy met enige projek of enige nuwe aktiwiteit in 'n genomineerde land begin, 'n nakomingsrisiko-ontleding doen met besondere klem op sake-integriteit en die sake wat in hierdie Standaard gedek word. Die risiko-ontleding moet gedokumenteer word – sien afdeling 2.1 van die *Nakomingstandaard*.

NOTA
Genomineerde land is 'n gedefinieerde term.

Verliese en boetes word plaaslik gehef. Enige verliese wat aan die oortreding van hierdie Standaard toe te skryf is, moet toegewys word aan die wins/kostesentrum waar die gebeurtenis plaasgevind het.

Bespreek en hersien korrupsiebeheermaatreëls gereeld. Wanneer 'n Groeponderneming 'n ouditforum hou, moet dit sake-integriteitkwessies, insluitend omkopery en korrupsie, as vaste agendapunte bespreek.

8.0 Opleiding vir nakomingsrisikovermindering

Bestuurslede in posisies met hoë potensiële teenkorrupsie-blootstelling moet opleiding ondergaan om die risiko's van nie-nakoming van hierdie Standaard te verminder.

Vir die doeleindes van hierdie afdeling geld die volgende definisies –

Vertrouensposisie het die betekenis wat in die *Nakomingstandaard* daaraan toegeken is.

Vertrouensposisie met hoë blootstelling is –

a) alle Rio Tinto-personeellede wat waarskynlik beduidende korrupsiekwessies in hulle werk sal teëkom. Dit sal mense insluit wat betrokke is by bemarkingsbesluite, verkrygingsbesluite, doeaneklaring, koop en verkoop van ondernemings of beduidende bates, regsadviseurs en lede van ondersoekspanne wat skakel met regulerende owerhede met wie daar nie voorheen geskakel is nie, en waar sulke posisies in genomineerde lande geleë is of met hulle te doen het

b) genoemde Rio Tinto-personeellede se lynbestuurders, en

c) alle werknemers in Band C en hoër, ongeag hulle rol of posisie.

NOTA
Genomineerde land is 'n gedefinieerde term.

Elke Groeponderneming moet –

a) op grond van 'n risiko-ontleding bepaal watter posisies vertrouensposisies is, en sy werknemers en kernkontrakteurs wat in daardie vertrouensposisies is, identifiseer. Afdeling 3.5.1 van die *Bedrogstandaarde* geld vir hierdie Standaard (insluitend aanlyn-opleiding in vertrouensposisies)

b) bepaal watter vertrouensposisies vertrouensposisies met hoë blootstelling is

c) verseker dat sodanige vertrouensposisies met hoë blootstelling teenkorrupsie-opleiding by instrukteurs kry soos deur Rio Tinto Nakoming gereël is (en teen die vereiste frekwensie – sien paragrawe 3.1.4 tot 3.1.8 van die *Nakomingstandaard*)

d) verseker dat enige werknemer of kernkontrakteur wat na 'n genomineerde land verplaas word, teenkorrupsie-opleiding by instrukteurs kry soos deur Rio Tinto Nakoming gereël is vóór hulle in daardie land aankom, en

8.0 Opleiding vir nakomingsrisikovermindering (vervolg)

e) verseker dat –

i. rekords van teenkorrupsie bewustheidsopleiding van vertrouensposisies met hoë blootstelling sonder versuim op die *Prospect*-portaal (Nakomingsgemeenskap) aangeteken word, en

ii. 'n bygewerkte lys van sy werknemers en kernkontrakteurs in daardie rolle bygehou en aan Rio Tinto Nakoming verskaf word, via die proses wat op die teenkorrupsieblad van die *Prospect*-portaal (Nakomingsgemeenskap) beskryf word.

9.0 Sakevennootondernemings

Rio Tinto wil hê dat alle ondernemings waarin hy 'n belang het, soortgelyke teenkorrupsiestandaarde moet aanvaar en toepas.

Vir die doeleindes van hierdie afdeling geld die volgende definisies –

Rio Tinto se sake-integriteitstandaarde is *Hoe ons werk*, hierdie Standaard, die *Sake-integriteitstandaard (Botsende Belange)* en die *Derdeparty-integriteit-omsigtigheidstandaard.*

9.1 Elke Groeponderneming moet –

- verseker dat al sy ondernemings wat deel van die Rio Tinto Groep is, die Rio Tinto sake-integriteitstandaarde aanvaar en nakom, en
- ten opsigte van enige nuut verworwe of gevormde ondernemings in meerderheidsbesit en/of onder meerderheidsbestuur –
  - in die kontraktuele reëlings klousules insluit (soortgelyk aan die klousules in die *Teenkorrupsie-nutsstel*) wat die onderneming noodsaak om Rio Tinto se sake-integriteitstandaarde te aanvaar en daaraan te voldoen, en
  - verseker dat die onderneming die klousules in die kontraktuele reëlings en Rio Tinto se sake-integriteitstandaarde nakom.

Waar sulke klousules nie in die kontraktuele reëlings ingesluit kan word nie –

- moet die Groepbestuurslid vir die Groeponderneming en die wêreldwye hoof van Nakoming die bewoording van die klousules wat ingesluit word, goedkeur, en
- moet die liggaam wat die sluiting van die kontraktuele reëlings goedkeur (bv. die Direksie, die Beleggingskomitee) in kennis gestel word van die kontraktuele posisie in hierdie verband.

Waar daar geen sodanige kontraktuele reëlings bestaan nie (bv. 'n op-die-mark-oorname) –

- moet die Groepbestuurslid vir die Groeponderneming en die wêreldwye hoof van Nakoming die tydtafel goedkeur waarvolgens die onderneming Rio Tinto se sake-integriteitstandaarde moet aanvaar en nakom.

9.0 Sakevennootondernemings (vervolg)

9.2 Vir enige nuwe onderneming waarin die Groeponderneming 'n minderheidsaandeel gaan hê en/of wat nie deur Rio Tinto bestuur sal word nie, moet elke Groeponderneming –

- poog om in die kontraktuele reëlings klousules in te sluit (soortgelyk aan die klousules in die *Teenkorrupsie-nutsstel*) wat die onderneming noodsaak om beginsels en standaarde te aanvaar en na te kom wat wesenlik ooreenstem met Rio Tinto se sake-integriteitstandaarde
- waar sulke klousules nie in die kontraktuele reëlings ingesluit kan word nie,
  - moet die Groepbestuurslid vir die Groeponderneming en die wêreldwye hoof van Nakoming die bewoording van die klousules wat ingesluit word, goedkeur, en
  - moet die liggaam wat die sluiting van die kontraktuele reëlings goedkeur (bv. die Direksie, die Beleggingskomitee) in kennis gestel word van die kontraktuele posisie in hierdie verband, en
- die besturende sakevennoot en die onderneming monitor ten einde op hulle hoede te wees vir enige verhoogde korrupsierisiko en/of nie-nakoming van die klousules wat by die kontraktuele reëlings ingesluit is.

Hersieningsregister

Goedkeuring van inwerkingstelling	**Dokumenteienaar**
Rio Tinto Uitvoerende Komitee	Rio Tinto Nakoming

Hersieningsregister

Weergawe nommer	**Uitreikingsdatum**	**Aard van wysiging**	**Voorletters**
Sake-integriteitsriglyne	2005		
Standaard vir sake-integriteit (teenkorrupsie)	1 Januarie 2012	Nuwe Standaard	NT

Rio Tinto plc
Eastbourne Terrace 2
Londen W2 6LG
Verenigde Koninkryk

T +44 (0)20 7781 2000

Rio Tinto Beperk
Collinsstraat 120
Melbourne, Victoria 3000
Australië

T +61 (0)3 9283 3333

© Rio Tinto plc en Rio Tinto Beperk
2012

0007 V1 ANTICOR 19XLANGS 03-AFRIKAANS JAN2012 PDF